NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 3
29 Januarie 2026

*Op pad met Iwana…*

# Die *waar* is nie só belangrik nie...

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.



**Die meeste van ons het van kindsbeen af ons verbeelding met behulp van rolspel uitgedruk. Sommige kan nog onthou hoe hulle op 'n skopfiets sou jaag terwyl 'n polisiebeampte hulle op hul eie een agternasit! Vir die meeste van ons dames is ons gunsteling herinnering seker dié van ons met ons ma se bruidsluier. Elke dag was 'n geleentheid om 'n nuwe karakter uit te beeld of 'n nuwe beroep uit te leef. Maar vir die Truscott-gesin het hierdie rolspel dikwels dieselfde gelyk: klein Lané was altyd die predikant!**

En so het hierdie droom Lané Truscott vergesel waar sy haarself ook al bevind. Maar vir jare het die *waar* van hierdie droom so bietjie anders gelyk. Aanvanklik was dié *waar* deur haar pa wat in die weermag gedien het, geïnspireer en het haar besluit uiteindelik op kapelaanskap berus. Tans is sy 'n vyfde jaar teologiestudent aan die Universiteit van Pretoria en lidmaat van Gemeente Swartkop. En só word haar aanvanklike *waar* aangepas. Haar betrokkenheid by dié gemeente het haar tot die beslissing gebring dat sy haar passie as gemeentepredikant wil uitleef. Dit is ook in die gemeente waar sy haar belydenis van geloof afgelê het en eendag moontlik haar passie as predikant wil uitleef. Maar Lané is opgewonde om, met die oog op haar praktiese jaar in 2027 en ná afloop van haar studies, by enige gemeente verwelkom te word. Solank dit is *waar* die Here haar lei.

Miskien lei hierdie avontuur haar ook weer terug na die Fakulteit van Teologie en Religie (UP). Ná soveel jare se studies asook die huislike atmosfeer wat sy by die fakulteit beleef, wil sy nie die akademiese deur heeltemal agter haar toe te maak nie. Sy oorweeg daarom die moontlikheid om in die toekoms haar doktorsgraad in Praktiese Teologie aan te pak, met die fokus op 'n saak wat baie na aan haar hart lê: bejaardesorg! Sy vertel dat daar soveel fokus geplaas word op jeugbediening dat bejaardesorg soms in die skadu daarvan leef. Sy wil daarom haar gawes en vaardighede tot die geestelike versorging van bejaardes aanwend.

Die Kerk is ook dankbaar dat haar avontuur haar na die die Blitsflits gelei het waar sy bydra tot die sigbaarheid van die Kerk. Sy reflekteer oor dié bydra tot Kerklike Kommunikasie en vertel dat daar 'n nuwe vlam in die Kerk is. *En ons die jongmense, is deel daarvan. Dankie dat julle ook na ons luister. Hierdie spasie wat geskep word, gee aan jonger studente die geleentheid om die Blitspos in 'n videogreepformaat met 'n vars aanslag aan te bied*, sê sy.

Dit is duidelik dat die *waar* nie so belangrik is nie, want die hart van die saak bly dieselfde: om met mense te werk en die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Die Kerk is daarom opgewonde om jong teologiestudente te huisves en op te lei wat nie net 'n verskil in hul gemeente wil maak nie, maar ook in die samelewing.

**Ds Iwana Kruger**
**(Pretoria-Oos en NHKA-joernalis)**

## Lief en leed



L'chelle Bester saam met haar ouers, Chanelle en Steph



Mev Joey Jacobs en ds Japie Jacobs

- **Dr JA van Biljon** (emeritus) se kleindogter, **L'chelle Bester**, is ná afloop van die matriekuitslae vereer vir haar prestasie. Sy is nasionaal onder die top 1% vir Afrikaans, Engels, fisiese wetenskap, rekeningkunde en wiskunde. Baie geluk!
- **Mev Joey Jacobs**, weduwee van ds PT Jacobs, is op 24 Januarie in die ouderdom van 94 jaar oorlede. Haar begrafnisreëlings is nog nie bekend nie. Die Kerk betuig simpatie met haar familie tydens hierdie moeilike tyd.
- **Die volgende predikante verjaar tot 9 Februarie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Donderdag 29 Januarie: Prof J (Jaco) Beyers (dosent/Centurion-Oos), di L (Leon) Geel (jr) (Midstream) en H (Heloïse) Herbst (Rietvallei)
  - Sondag 1 Februarie: Di JS (Fanie) Naudé (emeritus/Greylingstad), AM (Andries) Nel (emeritus)
  - Dinsdag 3 Februarie: Ds MH (Tinus) Mc Donald (emeritus)
  - Woensdag 4 Februarie: Ds C (Chantelle) Maree (Meyerton-Suid)
  - Donderdag 5 Februarie: Ds L (Lisa-Mari) Prinsloo (Centurion-Oos)
  - Vrydag 6 Februarie: Dr AMT (Andorette) van der Westhuizen (emeritus) en ds JA (Johan) Holtzhausen (Vryburg)

## Gemeentes en bediening



Ds Rue Hopley

- **Gemeente Middelburg-Noord** se kontakbesonderhede het verander. Die nuwe nommer vir die kerkkantoor is: **070 370 5665**.
- **Ds R (Rue) Hopley** (Pretoria-Oos) het 'n beroep na **Wapadrant** ontvang.
- **Gemeente Dolfynkus** nooi belangstellendes hartlik uit na die **bevestiging en ontvangs** van **ds Denise Schmidt** en haar gesin op **8 Februarie om 09:00**. Die geleentheid vind by La Montage – Pumpkin Teater plaas. **RSVP asseblief voor 1 Februarie** by Ansie Schroeder (082 909 0033) of ds Denise Schmidt (084 600 0448).
- **Prof MJ du P Beukes** se **60-jaar-ampsjubileum** word op **8 Februarie** om 08:30 by **Gemeente Villieria** gevier. Belangstellendes is welkom om die geleentheid by te woon.






- **Ordening van ds E (Elizabeth) Rossouw:** Ds Elizabeth Rossouw is op Sondag 14 Desember in Gemeente Stellenbosch georden en as jeugleraar bevestig. Dr Chris le Roux het haar bevestiging behartig en nege ander predikante (ringspredikante en emeriti) was by die geleentheid teenwoordig.





Ds Gerhard Stoltz

- **Ds GPJ (Gerhard) Stoltz** (Sinodaal/Westonaria) het op 25 Januarie sy 25-jaar-ampsjubileum in Gemeente Westonaria gevier. Baie geluk!

- **Ordening van ds C (Carien) Janeke:** Twee gemeentes in die Ring van Noordelike Natal, Newcastle en Glencoe, het aan die begin van 2025 die moontlikheid van samewerking begin ondersoek. Ná vele beraadslagings, gesamentlike kerkraadsvergaderings en finansiële berekenings, is daar oorgegaan tot die sluiting van 'n samewerkingsooreenkoms. Die samewerkende kerkraad is opdrag gegee om oor te gaan tot die beroep van 'n predikant. Virtuele onderhoude is met aansoekers gevoer en daar is besluit om prop Carien Janeke na die twee gemeentes te beroep.

  Sy is op Sondag 4 Januarie in die kerkgebou van Gemeente Newcastle georden waarná sy haar intreepreek gelewer het. Dr PL Steenkamp, die ringsvoorsitter, het die ordening waargeneem. Ds Carien Janeke het as skrifgedeelte 1 Pet 2: 18-28 gekies en die tema van haar prediking was: Spore wat lei, spore wat bly.

  Mnr JJP Hattingh, bedryfshoof van die NHKA, het namens die Kommissie van die AKV die Akte van Ordening aan ds Janeke oorhandig. Groeteboodskappe is onder andere deur die Susterskerke by dié geleentheid gelewer. Daar is ook terselfdertyd afskeid van ds P Buitendag van Gemeente Volksrust geneem wat vir vier jaar lank die bediening in Gemeente Newcastle behartig het.

  Verversings is na afloop van die verrigtinge deur die NHSV van die gemeente in die kerksaal voorgesit.

  Die twee gemeentes sien met verwagting uit na 'n nuwe tydvak saam met ds Janeke in die Ring van Noordelike Natal.

## Werksgeleenthede

- **Gemeente Wonderboom** is opsoek na 'n dinamiese **Administratiewe Beampte** om deel te word van hul span. Indien jy belangstel, **kontak ds Lilian** by 083 255 2082 of stuur 'n e-pos na wboom@nhk.co.za. **Aansoeke sluit 5 Februarie 2026**.

- **Werksgeleentheid by die Sinodale Dienssentrum: Personeelbeampte**
  **Sluitingsdatum vir aansoeke**:13 Februarie 2026

  Ons benodig die dienste van 'n bekwame personeelbeampte om die span by Menslike Hulpbronne te versterk en die NHKA se adminsitratiewe en finansiële verantwoordelikhede na te kom.

  **Vaardighede:**
  - Sterk diensgeorienteerde ingesteldheid en vaardighede
  - Akkuraatheid en detail

  **Posvereistes:**
  - Matriek
  - Tersiêre kwalifikasie of ekwivalent in salarisadministrasiestelsels
  - Ten minste twee jaar ondervinding in 'n salarisbetalingsomgewing wat belasting-aangeleenthede insluit met verkieslik ervaring in die gebruik van VIP en Sage payroll
  - Ondervinding in Microsoft excel
  - Bewese in algemene administrasie en rekordhouding

**Ons bied:**
Mededingende vergoedingstruktuur en voordele.
'n Stimulerende werksomgewing wat persoonlike en professionele groei bevorder.

**Hoe om aansoek te doen:**
Stuur jou CV aan **mannekrag@nhk.co.za**. Gebruik asseblief die postitel, *Personeelbeampte*, as onderwerp van jou e-pos. Aansoeke moet teen **13 Februarie 2026** ingedien word. **Kontak** mev Susan Moore of mnr Pieter Maree by **012 322 8885 vir enige navrae.**

## Vergaderings

- Vrydag 6 Februarie: Moderamenvergadering

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **18 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr Hein Delport** wat ook die verwelkoming sal hanteer. Die sprekers tydens die geleentheid is **drr Antionette Janse van Rensburg en Robert van Niekerk**. **Prof Jaco Beyers** en **dr Thinus van Staden** sal groeteboodskappe **namens die Fakulteit en die Kuratorium** lewer. Verversings sal na verrigtinge in die saal bedien word. Alle belangstellendes is welkom.

## Kerklike en ander publikasies







Hierdie publikasie is tans uitverkoop. Ons wil graag vasstel wat die behoefte na hierdie publikasie is, sodat ons 'n nuwe oplaag by die drukkers kan indien. Gebruik asseblief die vorm ***hier*** om u besonderhede in te vul vir 'n bestelling. Ons wil graag bestellings voor **31 Januarie** afhandel.










## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe.



## ’n Gedig

**Blomtyd**

ek trek pantoffels aan
maak koffie in die kombuis
die melkhouer is leeg,
op die sitkamertafel
is laasweek se koerant –
onaangeraak

jy sou my berispe
tóg haal ek ’n sigaret
uit die halfgerookte pakkie
in my hemp se sak
en steek dit aan

’n rondborstige mossie
kom pik-pik met haar snawel
aan die venster en vlieg
dan weg

buite stap ek in die tuin
en voel die son op my vel
en ek weet jy sou glimlag –
die amarillas blom

“A world of grief and pain, flowers bloom, even then.” –
Kobayashi Issa

**Ernst dos Santos**

www.avbobpoetry.co.za/Poem/

## Fondsinsamelings en Kerksake


- **Gemeente Seester** bied aan: **Niel Liebenberg en Natalie Bentley met Dekades** teen R150 per persoon. Die geleentheid vind 31 Januarie om 18:00 te Nasturiumstraat, Alberton plaas. **Kontak asseblief vir Elandri by seestergemeente@gmail.com of die Hartklopnommer 064 608 1314 vir meer inligting.**
- **Gemeente Seester** bied op **20 Februarie** ’n gholfdag by die Glenvista-baan aan. Kostes beloop R2 400 per vierbal wat ’n halfweghuisbewys, aandete en prysuitdeling insluit. Karretjies kan op eie koste bespreek word. **Kontak gerus vir Martin by 079 743 5216 vir meer inligting.**
- **Gemeente Parys** bied aan**: Drie van die Bestes** op Saterdag **28 Maart** om 18:30 vir 19:00 teen slegs R250 per persoon. Kleredrag is semi-formeel. Dit word aangebied by NG Kerk Vredefort. **Kontak asseblief 075 235 7914 vir meer inligting en besprekings.**

## Jeug- en studentesake

- **Gemeente Philadelphia** bied op **1 Februarie** hul jaarlikse **Tuks-kampustoer** aan. Ons ontmoet mekaar om **14:00 by die gemeente** en stap van daar na Hatfield-kampus. Bring eet- en drinkgoed saam.




## Toerusting




## Barmhartigheid

- **Lynette Beer** tree **6 Februarie** om 10:00 by **Ons Tuis Seniorstuis Dienssentrum** op as motiveringspreker. Kaartjies is beskikbaar teen R50 per persoon (60 jaar en ouer) en R150 per persoon (onder 60 jaar). **Kontak gerus 012 325 1857 vir besprekings**. Kaartjies kan by die hoofkantoor afgehaal word of sal alternatiewelik aan tehuise gestuur word.

- **Deurkollekte Sondag 8 Februarie – NHSV-Studieleningsfonds: 'n Belegging in die toekoms van ons jongmense.**

  Die NHSV, as diensorgaan van die NHKA, is dankbaar dat ons 'n rol in die ontwikkeling van een van Suid-Afrika se grootste bates, ons jongmense, mag speel.

  Deur die NHSV-Studieleningsfonds word studente van die Kerk finansieel ondersteun om tersiêre studies in enige studierigting te kan aanpak. Lenings en beurse word aan studente met besondere meriete en uitstaande prestasies in akademie, kultuur en sport toegeken.

  In 2025 kon ons, danksy die ruim ondersteuning van ons gemeentes, 38 studente help met 'n totale bedrag van R572 000 in studielenings, merietebeurse en prestasiebeurse. Tydens die deurkollekte in Februarie 2025 is R149 904.36 vanaf gemeentes ingesamel, waarvoor ons opreg dankbaar is.

  Op **Sondag 8 Februarie** kry lidmate weer die geleentheid om hierdie belangrike fonds deur 'n spesiale deurkollekte te ondersteun. Elke bydrae help ons om in 2026 nóg studente se drome moontlik te maak.

**Bankbesonderhede** vir deurkollekte-inbetalings:

Bank: ABSA
Rekeningnaam: NHSV Hoofbestuur
Rekeningnommer: 4051454181
Takkode: 632005
Verwysing: Gemeente se naam + deurkollekte

Baie dankie vir u betrokkenheid en ondersteuning. Saam bou ons aan ’n hoopvolle en geseënde toekoms vir ons Kerk en ons land.

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Dankie, o Heer, vir hierdie dag
vol van u genade.
Bly tog by ons in hierdie nag,
hou ons in u hande.
Ons wil U prys, o Here,
ewig u Naam ter ere.
U is die lig, U gee ons krag –
U is ons goeie Vader.
Amen.

**VONKK 168**



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel
Joernalis: Ds Iwana Kruger